**Die mens en sy vrou was naak, maar nie skaam nie**

**Gen 2:25,3:6-11, 21**

**16 April 2023**

1. Laasweek: Na 6 skeppingsdae was alles baie goed om aan God se doel te voldoen.
2. Die mens en sy vrou was naak, maar hulle was nie skaam nie (Gen 2:25)
    a. Is nudisme ‘n edel doel?
    b. Was Adam en Eva nog onskuldig, en dus nie skaam nie?
    c. Die “maar” (of “en”) suggereer dit was verrassend dat hulle nie skaam was nie
    d. Naaktheid tussen ‘n man en sy vrou binne die huwelik is tog nie onvanpas nie
3. Ontwikkeling in Gen 3
    a. Gen 3:5 – As hulle sou eet sou mens soos God word deur goed en kwaad te ken
    b. Gen 3:7 – Toe hulle eet gaan hulle oop en hulle besef hulle is naak, maak vyeblaarklere
    c. Gen 3:10 – Hulle word bang
    d. Gen 3:21 – God stem saam: naaktheid is ‘n probleem, voorsien klere van vel
4. Enkele Skrifgedeeltes wat ook verwys na klere/naaktheid
    a. Priesters se klere (Eks 28:39-43) – Priesters dra linnebroeke om naaktheid te bedek
    b. Jesaja se profesie (Jes 61:6, 8, 10) – God trek vir gelowiges klere van verlossing aan, hang mantel van geregtigheid om hulle
    c. Kruisiging (Joh 19:23-24) – Jesus naak aan kruis, iemand ontvang Sy onderkleed
    d. Openbaring se fokus op klere: Op 1:13 – Seun van mens dra lang kleed; Op 3:4-5 (Sardis) – almal wat oorwinning behaal, dra wit klere; Op 3:17-18 (Laodisea) – moet wit klere by Jesus koop om naaktheid te bedek; Op 19:7-8 – By bruilofsmaal dra bruid blink klere van fyn linne (regverdige dade van gelowiges)
5. Implikasies van hierdie Skrifgedeeltes op ons interpretasie van Gen 2 en 3
    a. By bruilofsmaal is gelowiges nie naak nie, geklee met linneklere = regverdige dade (vgl Jak 1:17)
    b. Laodisea moet by Jesus wit klere koop, dus regverdige dade koop
    c. Sardis: Wit klere is onbesoedeld en skoon
    d. Kruisiging: Uitbeelding van regverdigmaking – Jesus se kleed (geregtigheid) toegereken aan persoon, persoon se naaktheid toegereken aan Jesus
    e. Jesaja se profesie: God beklee met klere van verlossing, mantel van geregtigheid
    f. Priesters se naaktheid moet bedek wees voor dienswerk
    g. Gen 2: Adam/Eva was in werksverbond met God, moes eie geregtigheid bewerk, maar vordering was gering – dus was hulle naak. Boonop was hulle nie skaam oor gebrekkige vordering, gebrek aan regverdige dade nie.
    h. Gen 3: Oortree God se opdragte, hulle oë gaan oop, verstaan God soek dade van geregtigheid – hulle word skaam en bang
    i. God vervang werksverbond met genadeverbond – Hy neem verantwoordelikheid en voorsien klere van vel, wat dui op duur prys wat Hy sal betaal vir die klere
    j. Om geklee te wees in wit linneklere by bruilofsmaal is baie beter as om naak in die tuin van Eden voor sondeval te wees
6. Toepassings
    a. God is ernstig oor getroue uitvoer van Sy skeppingsopdragte
    b. Ons kan net aan die bruilofsmaal aansit met die regte klere aan
    c. Ons moet skaam wees oor gebrekkige vordering, ywerig wees deur God se genade